Maandelikse gemeentebrief Februarie 2019

Om oud te word is ‘n voorreg

Ons het die voorreg om deel te wees van ’n gemeente met ’n groot verskeidenheid mense van verskillende ouderdomme. Enigiemand is altyd welkom by NG Weltevreden, net soos jy is.Ons is nie net ‘n kinderkerk nie, maar daar is plek vir ons kinders. Ons is nie net ‘n jongmenskerk nie, maar daar is plek vir ons jongmense. Ons is nie net ‘n kerk vir getroude paartjies nie; daar is plek vir getroudes én ongetroudes. Ons is ook nie ‘n kerk net vir senior lidmate nie, maar hier is plek vir elke ouma, oupa, pensioenaris, afgetredene en ander bejaarde. Ek wil graag hierdie maand al ons senior lidmate bedank, bemoedig en uitdaag.

Baie dankie vir wie julle as seniors is en wat julle vir ons as gesinne en in die gemeente beteken. Ons gemeente sou nie dieselfde wees sonder ons seniors nie. Sommige van julle is die oumas en oupas wat ons kinders bederf. My hart gaan uit na elke ouma en oupa wie se kinders en kleinkinders iewers ver in die buiteland is. Mag julle die voorreg hê om gereeld julle familie te geniet. Ek bid ook God se troos, genesing en nabyheid oor elke senior wat sukkel met sy/haar gesondheid. Mag God jou in hierdie tyd bewus maak van Sy oneindigende teenwoordigheid in jou lewe.

Om oud te word is ’n voorreg. Tog gaan dit dikwels met uitdagings gepaard. Die Bybel is vol teksgdeeltes wat ons bemoedig ten opsigte van die ouderdom. Ons lees dat grysheid ’n erekroon is (Spr 16:31), dat wysheid en insig met jare kom (Job 12:12) en dat die regverdiges selfs in hul ouderdom sal toeneem in krag: “Hulle sal fris en lewenskragtig wees” (Psalm 92:15). Die woord “ouderling” word 67 keer in die Nuwe Testament gebruik en dui op die ouer voorlopers in die gemeente. Hulle is die mense wat ’n voorbeeld stel vir die res van die gemeente; in hulle toewyding, hulle aanbidding, geloof en liefde vir hul naaste.

Ek wil graag elke lidmaat van ons gemeente, jonk of oud, met die gedagte laat dat ons ’n voorbeeld behoort te wees in ons toewyding, aanbidding, geloof en liefde. As kinders van die Here streef ons daarna om te bly groei in ons geloof en soeke na God se wil. Hoe ouer ons word, hoe meer is ons veronderstel om te groei: in liefde, in nederigheid, in leerbaarheid, in wysheid, in geloof en in elke afdeling van ons Christelike lewensgang.

Daarom eer ek ons bejaardes, ons pensionarisse, ons oumas en ons oupas. Elkeen van julle is belangrik, elkeen van julle is so nodig in hierdie liggaam van Christus en ons kyk op na julle. In Christus is julle die voorlopers, die baanbrekers en die rolmodelle, en ons eer julle daarvoor.

Groete

Ferreira Marais